WellingtonINFO – 2014.07.10 (29)

1. **Crime report**

Report by Wellington SAPS on Crime hotspots in the Wellington area for the past Week. These crimes were committed in the areas mentioned. It must also be mentioned that arrest were made in some of these cases and stolen property recovered. Contact detail for the Police in Wellington can be found on the website at: http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/gemeenskapsprojekte/kontak-besonderhede/

Attempted Theft Out Of A Motor Vehicle
Central Business Area: Spar Parking Area
Burglary at Business Premises
Coaton Street, Mark Street, Versailles Street, Church Street
Burglary at Residential Premises
St George Street, Benjamin Street, Flamink Street, Cummings Street, Main Road, Bain Street, Hoogenhout Street, Doris Avenue, 1st Avenue, Montpellier Street, Hermon Road
Theft of Motor Vehicle And Motor Cycle
Dukes Estate - Hoogenhout Street, High Street
Theft Out Of a Motor Vehicle
Rudolf Street, Church Street, Albert Street, Bain Street, 1st Avenue, 6th Avenue, De Villiers Street

2. Diefstal van drie laptops: Indien iemand ondergenoemde laptops aan u probeer verkoop dan hoor ons graag van u

"Die beskrywing van 3 laptops wat Vrydag nag uit my voertuig gesteel is: Dell Inspiron – Swart, Dell nuwer model met grys cover, HP met grys cover. Groete. Danie van der Merwe, Sel. 082 441 7970

3. G-Voucher projek

Die Wellington G-Voucher projek wil graag kennisgewingborde op strategiese plekke in die dorp plaas om mense aan te moedig om nie geld aan bedelaars in die dorp te gee nie, maar eerder die projek te ondersteun. Om dit te verwesenlik word addisionele fondse benodig en indien u 'n bydrae wil lewer of meer inligting tov die projek verlang kan daar met Danie Nel geskakel word by: g-voucher@wellingtoninfo.co.za. Daar word veral n beroep op ons besighede gedoen om betrokke te raak en die projek te ondersteun. 'n Voorbeeld van hoe die kennisgewingbord moontlik gaan lyk kan op die webtuiste gevind word by:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/organisasies/
Die G-Voucher projek is meer as net n voedings skema wat bedelaars op straat probeer hou. Die doel van die projek is om die bedelaar van die straat af te kry en om dit te verwesenlik is verskeie sisteme in plek gesit.

Daar is verskeie (baie goeie) redes hoekom daar nie geld vir bedelaars op straat gegee moet word nie, die belangrikste hiervan is egter in die wete dat wanneer jy geld vir die bedelaar gee, n groot deel daarvan in die hande (sakke) van misdadigers beland en jy sodoende 'n netwerk van misdadigers en dwelmsmokkelaars befonds. Wanneer jy egter 'n erkende organisasie ondersteun wat die kundigheid het om haweloses te help, kan jy ten minste verseker wees dat die fondse aangewend sal word vir die doel waarvoor jy dit geskenk het.

4. In die vorige nuusbrief was daar verskeie mense wat navraag gedoen het tov die Elektriese toestelle wat warmwatersilinders beheer en daar was ook spesifiek melding gemaak van n werknemer van Eskom wat verdag voorkom. Jeanne Human het die Munisipaliteit genader vir kommentaar en die volgende terugvoer was ontvang:

" Let daarop dat installeerders wel 'n "bib" dra met die woord "Eskom" op maar daar is ook die woorde "Drakenstein Munisipaliteit" asook "PowerTech" op. Elke installeerder het 'n ID met sy naam op. Hy dra ook 'n

koerantuitknipsel waar ons foto's geneem het van die installeerders en sy naam kom hierop voor. Hulle is wettige installeerders en het die bevoegdheid om namens ons en volgens ons Elektriese Verordening die werk te verrig. Hy het namens ons die bevoegdheid om tydens enige redelike ure 'n perseel te betree en om dan die nodige warmwatersilinder beheerders te installeer, of te verstel en of te besigtig. Soos Eskom reeds oor die laaste paar maande genoem het, is daar 'n afgekondigde noodtoestand en kan beurtkrag te enige tyd in werking gestel word. Die beheer van silinders is dus kardinaal en is 'n ernstige poging om die beurtkrag te verhoed. Die publiek moet dus die korrekte persone toelaat om die installasies te doen.
Ons besef dat dit nie 'n ding is wat die publiek wil hê nie, maar die publiek moet besef dat daar 'n geweldige ernstige tekort aan elektrisiteit is. Ons wil nie graag die verordening tot sy uiterste toepas nie, maar ons het regtig die reg om hierdie eenhede in huise aan te bring.
Hierdie situasie is sowat twee weke terug oorgedra aan Eskom en die Kontrakteurs maar dit wil blyk uit die vorige geval dat die persoon tog die ware Jakob was. Die klaer se beskrywing van wat die persoon wou doen, mbt tot stadige en vinnige flitsende liggies is presies in die kol en slegs die ware Jakob sou dit weet. Die klagte is nie te min oorgedra aan die Kontrakteur."

5. Inset van Paarl Inwoner.
"Ek het 'n e-pos oor 'n soortgelyke organisasie soos julle gekry (Paarl) maar toe ek probeer antwoord is dit afgekeur! Paarl het ook 'n buurtwag nodig. In Kommetjie gebruik hulle walkie talkies en die manne van die plaaslike SAPS en Sekuriteit maatskappye speel saam en dit werk soos 'n bom. Die ouens wat so in ons dromme krap is weg en dit word nie toegelaat nie. Hulle het nou die dag ook 'n dwelm smous gevang!! Ek sal ook bereid wees om aan so iets deel te neem. Groete Lorna Smith"

6. Pos beskikbaar
Telefoon bemarker / klerk: Persoon moet bestellings neem en kliënte skakel om produk te bemark. Goed in span verband werk. Moet goeie telefoon etiek handhaaf en tweetalig (Afr / Eng) wees. Moet rekenaarvaardig wees met basiese Excell en rekenkundige vaardigheid. Begindatum: so gou as moontlik, Stuur CV aan marike@tomis.co.za, Sluitingsdatum 20 Julie2014. Indien u geen terugvoer na 2 weke van sluitingsdatum ontvang nie was u aansoek nie suksesvol nie.

……

Vir die volgende paar weke gaan WellingtonINFO meer inligting bekend maak tov gemeenskapsorganisasies wat aktief is in Wellington en indien u belangstel om betrokke te raak by een van die organisasies word u aangemoedig om met die kontakpersone te skakel.

Wellington Rapportryers
Verskeie perderuiters vanuit die uithoeke van Suid-Afrika het in 1949 verskeie groeteboodskappe na Pretoria geneem ter voorbereiding van die eerste herdenking van die Geloftefees in 1949. Die Rapportryer Beweging het op 3 Maart 1950 sy ontstaan gehad by die Voortrekker Monument vanuit die hele gedagte van "Draers van die Boodskap"

Wellington Rapportryers het op 24 Augustus 1965 ontstaan aan huis van Dr. Manie Rust wat ook een van die stigterslede was. Bekende Rapportryers soos Charl Tomlinson, Danie Theart en Daan Spamer het al baie diep spore in die harte van die gemeenskap getrap terwyl Koos le Roux reeds van vroeg af ook sy merk in die gemeenskap gemaak het.

Nou sal u miskien vra – wie is die Rapportryers vandag en waarvoor staan ons? Ons ry nie meer noodwendig met perde nie, maar ons is nog steeds "Draers van die Boodskap" Die ronding van ons logo versinnebeeld die aarde, en bevat die elemente wat uitwaartse dinamiese beweging uitbeeld. Die goue kleur versinnebeeld 'n rykdom van

erfenis, die Afrikaner erfenis. Ons is van Afrika en in Afrika. Ons as Rapportryers se doelstellings is in kort die volgende:

- Die behoud en opregte liefde vir ons land Suid-Afrika.
  Die handhawing en die behoud van ons Christelike godsdiens en die Afrikanerkultuur op alle lewensterreine deur dit onbeskaamd uit te leef.
- Om Afrikaans as moedertaal op alle lewensterreine te koester, te bewaar en te bevorder.
- Samewerking met ander bevolkingsgroepe en kulture in harmonie en verdraagsaamheid.
- Diensbaar te wees op alle lewensterreine in die plaaslike gemeenskap.

Waar is ons oral betrokke in die gemeenskap?
Die bekende Safari Halfmarathon het seker geen bekendstelling nodig nie. Dit het sy onststaan by die Wellington Rapportryers gehad in 1990. Dit het inderwaarheid Wellington op die kaart geplaas. Dit is seker een van die bekendste Halfmarathons in Suid-Afrika.
Sekerlik het die Wellingtonner van die Jaar ook nie enige bekendstelling nodig nie. Die Wellington RRB vereer sedert 1989 bekende Wellingtonners wat ‘n besonderse bydrae tot die gemeenskap gelewer het.
Die RRB het ook hierdie jaar ‘n Veldskietdag geloods waartydens ons plaaslike skuts die geleentheid wil gee om hul skietkuns op die proef te stel waar groot pryse te wen is.
Die RRB beoog ook om hierdie jaar ook ‘n Erfenistoer te organiseer in die Wellington en Paarl omgewing gedurende September. Leerders gaan die kans gegun word om op die spore van ons taal en kultuur terug te gaan en weer bewus te word van waar Dawid die wortels begrawe het.
Die RRB skenk jaarliks verskeie boekpryse wat aan Afrikaanse leerders toegeken word tydens hul jaarlikse prysuitdelings en het ookal verskeie verdienstelike en behoeftige studente gehelp met sakgeld of bydraes tot hul studiegeld op Universiteit.

Wil u ook lid word van hierdie fantastiese beweging en daardeur ook diensbaar word in die gemeenskap? Maak ‘n verskil en kontak ons gerus by die volgende persone. Ons wag vir u oproep.

Voorsitter: Willem Liebenberg (Sel: 079 501 9321)
Onder-Voorsitter: Johan Swanepoel (Sel: 078 159 1959)
Sekretaris: Braham Oberholzer (Sel: 072 070 3194)
Tesourier: Hotze van Heerden (Sel: 082 742 5125)